

Sing vooraf staande: Psalm 123:1 (p. 614)

- 1 Ek hef tot U wat in die hemel sit, / my oë op en bid.
Net soos die kneg sy oog nie weg wil weer nie, / of aftrek van sy heer nie;
en soos die diensmaagd smekend van haar vrou nie / die oë af kan hou nie –
so staar ons op die HEER tot daar van Hom / oplaas erbarming kom.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

Amen.

Loflied: Psalm 113:1, 2 (p. 559)

- 1 Hef aan, Gods knegte, loof verblyd, / van nou af tot in ewigheid,
die Naam en roem van God die HERE. / Bring Hom van waar die môre straal,
tot waar die sonlig saans weer daal, / die lof, aanbidding, prys en ere!
- 2 Die HEER wat in die hemel woon, / wat bo die wêreldvolke troon,
is hoog, met heerlijkheid omgewe. / Ja, wie is hoog soos onse HEER
Nogtans sien Hy genadig neer / op wie voor Hom in kleinheid lewe.

Gebed

Psalm 27:4, 5 (p. 127)

- 4 My hart sê my, omring deur donkerhede: / “O soek die HEER, die bron van lig en krag.”
Ek soek u aangesig in my gebede; / verberg dit nie wanneer ek op U wag.
Wys tog u kneg nie af, dat ek, o HEER, / die glans van u genade nooit ontbeer.
U is my hulp, die God van heil op wie / ek vas vertrou – begeef, verlaat my nie!
- 5 Verlate 's ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.

Skriflesing: Jakobus 5:1-20

Kernverse: Jakobus 5:13-16a

Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.

(Jakobus 5:13-16a AFR53)

Tema: 'n Lewe geheel en al gekeer na God en afhanklik van Hom

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, in Sondag 45 van ons Kategismus bely ons dat gebed vir ons Christene nodig is **omdat dit die vernaamste deel van ons dankbaarheid is wat God van ons eis en omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.**

Ek sal dit waag om te sê dat naas die oproep om ons te bekeer en die oproep om te glo, word ons in die Bybel die meeste keer opgeroep om te bid. Om te bid is seker een ding wat ons gelowiges nie te veel sal kan doen nie. Inteendeel, ek dink ons bid gans en al te min. Daar word vertel dat die

bekende Engelse prediker Martyn Lloyd Jones by geleentheid teleurgesteld was omdat die lidmate in die gemeente waar hy bedien het minder as ses uur per dag gebid het.

As ek hierna luister, dan moet ek eerlik wees en erken dat ek ook ver tekort skiet wanneer dit kom by gebed. Ek bid self te min – ek is nog ver van die standaard af wat die Here vir ons stel. Ons moet egter nie nou dink dat ons niks werd is omdat ons nie genoeg bid nie. Die Heilige Gees wil ons juis met hierdie Skrifgedeelte leer om gebed werklik na waarde te ag en om ons op gebed toe te lê. Mag die Here van ons 'n biddende gemeente maak omdat die fokus van ons hele lewe na God toe gekeer is en ons van Hom afhanklik is.

Broers, susters en kinders, in die ses verse vooraf het Jakobus weer ons aandag daarop gevestig dat die wederkoms van Jesus 'n werklikheid is. En in die lig van Jesus se wederkoms het hy die gelowiges opgeroep om geduldig te wees wanneer hulle teenkating beleef. Ons moenie net geduldig wag totdat die Here die onreg self kom vergeld nie. Ons behoort in ons geloof te volhard soos wat die profete en Job gedoen het. Maar aangesien Jakobus daarop gesteld is dat ons geloof prakties moet wees, kom hy terug na wat gelowiges behoort te doen – gelowiges behoort te bid. En in die volgende ses verse – van vers 13 tot 18 – is gebed die tema.

As wegspringplek om oor gebed te onderrig noem Jakobus lyding. Dit is nie die eerste maal wat hy oor lyding en gebed praat nie. In die heel eerste hoofstuk het Jakobus die radikale uitspraak gemaak deur te sê:

Ag dit louter vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

(Jakobus 1:2-3 AFR53)

Die enigste manier om lyding te beskou as iets waarvoor 'n mens bly moet wees, is om na elke moeilike omstandigheid te kyk deur die oë waardeur die Heilige Gees ons leer om te kyk.

Wat word daarmee bedoel? Ons moet aanleer om alles wat met ons gebeur – van die mees onbenullige ding tot die mees betekenisvolle gebeurtenis – te sien binne die ligkring van God se soewereine liefde vir ons in Christus. Dit is waarop Jakobus sinspeel in vers 13. So moet elke gelowige afsonderlik leer. Maar dit bly nie net daarby nie, want net in die volgende verse laat die Heilige Gees ons hoor dat ons gelowiges is in 'n gemeenskap van ander gelowiges. Ons is nie maar net enkelinge wat elkeen op sy eie 'n geestelike reis saam met die Here het en net so nou en dan paaie kruis met ander gelowiges nie. Ons is 'n gemeenskap van gelowige pelgrims saam op pad agter ons goeie Herder aan. Daarom behoort die fokus van elkeen van ons se lewe na God gekeer te wees omdat ons van Hom afhanklik is, en ons doen dit in gemeenskap met ander gelowiges.

Jakobus begin met twee kort vrae waarop hy twee eenwoord-antwoorde gee (in Grieks is die antwoorde net een woord). Met hierdie twee vrae word die ganse lewe van die mens omsluit.

Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid. Is iemand opgeruimd? Laat hom psalmsing. (Jakobus 5:13 AFR53).

Ons bely immers dat alles in hierdie lewe – swaarkry en vreugde – nie per toeval nie maar uit die Vaderhand van God ons toekom. Daarom moet ons leer om in elke omstandigheid te lewe met ons fokus gekeer na God toe en van Hom afhanklik.

Die woord wat ons vertaal met *ly* verwys na enige swaarkry denkbaar. Jeremia het erge teenkating beleef toe hy die Woord van die Here verkondig het. Esegïel moes die hartseer van sy vrou se dood in sy enigheid dra, want die Here het gesê dat hy nie oor haar mag huil en rou nie. Hosea se lewe

was in warboel omdat sy vrou hom verlaat en owerspelig geleef het. Die gelowiges aan wie Jakobus geskryf het, het swaargekry omdat die ryk mense hulle finansieel uitgebuit het.

Die lyding waarvan hier gepraat word, verwys dus na geestelike, fisiese, emosionele, finansiële en watter ander moeilikheid ook al. Die feit dat Jesus Christus ons verlos het, beteken nie dat ons nooit meer sal ly nie. Inteendeel, as Christene moet ons verwag om swaar te kry – die wêreld haat vir Christus en daarom haat die wêreld ook Christus se broers en susters.

Indien dit dan gebeur dat die Here 'n moeilike omstandigheid in jou lewe beskik, is daar net een antwoord sê Jakobus: BID! Niemand van ons sal hierteen stry nie. Ons stem almal saam dat 'n mens dan moet bid, maar doen ons dit? Is gebed regtig ons eerste reaksie op lyding? Nee, dit is nie ons spontane reaksie nie. Getrou aan ons ou menslike geaardheid is ons eerste natuurlike reaksie om te sug en te kla. Of ons vra vir God: Hoekom gebeur dit nou juis met my? Jakobus staan al hierdie reaksies teë en sê: Bid!

Wanneer daar in die huis tussen man en vrou of tussen ouers en kinders botsing ontstaan, bid dan vir wysheid en kalmte. Bid dat jyself 'n voorbeeld van godvresendheid sal wees vir jou gesin. Smeek dat die Heilige Gees sy hand stewig op julle humeure sal hou. Vra dat julle as huisgesin hierdie omstandigheid sal gebruik as 'n geleentheid om in geloof te groei.

Wanneer ons by die werk probleme ondervind, maak ons dan so Nehemia en bid stil tot die Here? Onthou, toe Nehemia met die ongelowige koning oor die herbou van Jerusalem se muur moes praat, het hy dit nie gewaag om sy mond oop te maak voordat hy tot God gebid het nie. En soos wat ons dit in Nehemia 2 lees, sou dit 'n baie kort gebed gewees het. Iets soos "Here, help asseblief."

Wanneer ek my motor neem dat 'n werktuigkundige daaraan werk, bid ek dat hy goeie werk sal doen? Vra ons dat die Here wysheid aan die dokter sal gee om die oorsaak van my ongesteldheid op te spoor en dit reg te behandel? Smeek ons om wysheid wanneer dit volgens ons logika lyk asof ons finansies nie alles hierdie maand gaan dek nie? Of is hierdie dinge te aards en te onbenullig om voor die Here te bring in gebed?

Laat ons maar eerlik vir mekaar sê hoe ons gewoonlik ons probleme hanteer. Ons maak al ons planne en doen alles wat ons kan. En as ons uiteindelik sien dat niks van ons planne wil werk nie, bid ons tot die Here. Ons maak Hom die laaste uitweg van al ons planne. Die Here beskik immers die moeilike omstandighede in ons lewens sodat ons altyd van Hom afhanklik sal wees. Hy wil hê dat ons Hom eerste moet vra voordat ons enigiets doen.

Geliefdes, as ons dink dat dit makliker is om te sing wanneer jy opgeruimd is as om te bid wanneer jy ly, moet ons weer mooi dink. Ons ou natuurlike mens het hier ook 'n manier van doen wat negatief op ons geloof inwerk. Van nature is ons geneig om van die Here te vergeet wanneer dit met ons goed gaan. Die Here moes sy volk nog voordat hulle die beloofde land binnegegaan het oor hierdie geaardheid waarsku wat so eie aan ons sondige aard is. Moses het dit so in Deuteronomium 6 neergeskryf:

Die Here jou God sal jou bring in die land waarvan Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om vir jou groot en mooi stede te gee wat jy nie gebou het nie, huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, putte wat jy nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy sal kos in oorvloed hê. Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie.

(Deuteronomium 6:10-12 AFR83)

Dawid moes homself aanspreek om nie die Here te vergeet toe die Here hom vergewe het nie.

Loof die HERE, o my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie!

(Psalm 103:2 AFR53)

Om dieselfde rede word ons deur Christus beveel om gereeld sy dood te gedenk deur nagmaal te vier. Ons mag nooit vergeet hoe goed die Here vir ons is nie.

Niks gebeur toevallig met ons nie. Al ons hartseer en al ons vreugde kom ons toe uit ons goeie God se Vaderhand. En ons moet hierdie geloof van ons in die Vader in die praktyk van ons lewe elke dag toepas. Daarom beveel Jakobus ons om te bid en te sing. Ons hele lewe moet op God gerig wees sodat wat ons ook al tref – of dit nou hartseer of blydschap is – dit oombliklik in God se teenwoordigheid weerspieël word. Dit is hoe ons God se wil met blymoedigheid aanvaar.

Met lofprysing sê ons dat sy wil goed, volmaak en aanvaarbaar is: Dit is wat U vir my gedoen het en ek verheug my daarvoor. Met gebed in daardie moeilike omstandighede sê ons Jesus se gebed in Getsemane – hoe swak ook al – agterna: Laat u wil geskied! Jesus het ook in daardie uiters moeilike omstandighede in Getsemane al ernstiger gebid. Gebed gaan nie noodwendig die steek- en brandpyne van die omstandighede wegneem nie, maar dit gaan verseker my uitkyk en verstaan van die omstandighede verander. Gebed is dus 'n versoek tot God dat Hy my sal instem sodat ek in pas met sy wil kan kom en lewe.

En kyk nou net hoe gelukkig is ons om deel van 'n gemeenskap van gelowiges te mag wees. Elke gelowige moet inderdaad die fokus van sy hele lewe na God gekeer hou en afhanklik van Hom lewe, maar niemand hoef die las die heelyd alleen te dra nie. Daarom vervolg Jakobus met hierdie woorde:

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die ouderlinge van die gemeente inroep, en laat hulle oor hom bid nadat hulle hom in die Naam van die Here met olie gesalf het. En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig. Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word.

(Jakobus 5:14-15 AFR53)

Hierdie twee verse het al groot konsternasie onder gelowiges veroorsaak. Met akrobatiese Skrifverklaring het die Roomse Kerk uit hierdie twee verse die instelling van 'n sakrament vir die dode gekry. Sonder om dit te bespreek, gaan ek dit net noem. Wanneer 'n gelowige op sterwe lê, moet die priester die sakrament van die laaste oliesel aan die lidmaat bedien. Deur die sakrament ontvang die lidmaat dan genade om in vrede te sterf omdat sy sondes dan vergewe is. Jakobus praat hier glad nie van sterf nie, maar van genesing. Maar kom ons los nou maar die Roomse verstaan van hierdie teks.

Kom ons luister aandagtig na wat die Heilige Gees ons deur Jakobus leer. Hier is drie sake waarop ons moet let. Eerstens die sieke se versoek. Die afleiding wat 'n mens uit hierdie woorde maak, is dat die siekte nie maar net 'n gewone verkoue is nie. Hierdie lidmaat ly aan 'n ernstige siekte, so erg dat hy verlang na die gemeenskap met ander gelowiges.

Die woord wat ons met *siek* vertaal, kan ook vertaal word met *swak*. 'n Langdurige siekte of 'n baie ernstige siekte verswak inderdaad 'n mens se liggaamskragte. Maar dit is nie net 'n mens se liggaamskragte wat deur siekte in die slag bly nie. Soms gebeur dit dat 'n mens se geloof ook 'n ernstige knou weens die siekte kry. Wanneer 'n gelowige dan aan 'n siekbed gekluister is, is die verlange na ander gelowiges groot. Daarom is dit so noodsaaklik dat ons mekaar in ons siekte nie sal vergeet nie.

Wat behoort die ouderling nou by die siek gelowige te gaan doen? Jy gaan nie nuwe dinge aan die siek gelowige sê nie. Uit die Woord van die Here gaan jy hom bloot net weer verseker van die beloftes van die Here wat Hy ook aan hom (die sieke) bevestig het. Dit is immers die sekerheid oor

die Here se beloftes wat 'n mens versterk wanneer jy swak geword het in jou geloof. Maar dan noem Jakobus die bediening wat die ouderlinge moet gaan verrig. Hulle moet vir die sieke bid en hom met olie salf.

Uit die oorspronklike is dit egter duidelik dat eintlike bediening van die ouderlinge die gebed is en nie die salwing met olie nie. Hoekom moet juis die ouderling vir die siek lidmaat bid? Omdat die ouderling die opdrag het om die lidmaat in sy verhouding met die Here by te staan, want ernstige en langdurige siektes knou 'n mens se geloof in die Here. En op hierdie gebed van die ouderlinge voeg die Here Christus 'n belofte toe:

En die gebed van die geloof sal die kranke red, en die Here sal hom oprig.
(Jakobus 5:15 AFR53)

Word hier van gebedsgenesing gepraat? Sommige mense wil dit so verstaan en hulle bou 'n hele bediening daar rondom en praat van genesingsdienste. Ander is weer van oordeel dat wondergenesings net tot die Bybelse tyd hoort en nie meer vandag geld nie.

Vir laasgenoemdes sê ons dat die Here altyd dieselfde bly. Wat Hy in die Bybelse tyd gedoen het, kan Hy vandag steeds doen. Hoeveel keer het ons ook al gehoor hoe die Here 'n mens gesond gemaak het nadat dokters geen uitweg gesien het nie. Vir eers-genoemdes sê ons dit is nie die gebed van die ouderlinge wat die genesing gebring het nie; die Here Jesus rig die sieke weer op.

Hoe is hierdie verse van toepassing vir ons? Geliefdes, wanneer ons dan siekes besoek en vir hulle bid, doen ons dit gelowig. Dit beteken ons bid met die oortuiging wat die Gees in ons hart werk dat die Here in staat is om die sieke gesond te maak. Maar 'n gelowige gebed eis nooit van die Here nie, daarom smee ons dat die Here sy wil ook hier moet laat geskied. En die Here se wil is nie noodwendig altyd onmiddellike genesing nie, want die Here gee ook die volgende belofte:

Selfs as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. (Jakobus 5:15 AFR53)

Wat die sonde betref, is daar drie sake wat ek wil opmerk. Eerstens, die sieke kan bewus word dat die siekte die gevolg van 'n sonde is – nie dat alle siektes die gevolge van spesifieke sondes is nie, maar die moontlikhede is daar. Die sieke kan ook in daardie tyd van tot stilstand gebring wees, bewus word dat die Here hom waarsku oor 'n sonde waarmee hy besig is.

Tweedens, in aansluiting by die eerste opmerking is die tyd van siek wees ook tyd van nadenke oor vergete sondes wat aan die lig kom omdat daar nou tyd vir selfondersoek is. Die sonde het moontlik geen verband met die siekte nie, maar die siekte is 'n geleentheid om die sondes te onthou en te bely.

En derdens, die sieke kom ook tot die besef dat om heeltemal gesond te word sy hele menswees voor God betrek word. Daar is nie 'n spesifieke sonde wat tot die siekte aanleiding gegee het nie en daar is ook nie vergete sondes wat onthou word nie, maar daar is hierdie begeerte om ten volle met God versoen te word – om sy/haar hele lewe voor die alsiende oë van God oop te lê sodat alles wat God van die mens weet hersien kan word en reggestel kan word.

As dit die Here se wil is en daar kom genesing vir die sieke, is lof en dank aan die Here die gepaste reaksie. Sou die Here egter nie genesing skenk nie, is die gebed 'n versoek dat ook die sieke ingestem word om in pas met die Here se wil te kom en te lewe.

Die Here wys ons daarop dat dit nie net die ouderlinge is wat vir die siekes behoort te bid nie. Jakobus sluit die gedeelte af met hierdie woorde:

Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word.
(Jakobus 5:16a AFR53).

Hier gaan dit nie daaroor dat ons bymekaar moet kom en al ons sondes voor die Here in die teenwoordigheid van ander gelowiges moet bely nie. Elke gelowige moet self oor sy sondes tot die Here bid en smeek om vergifnis. Maar ons is nie enkelinge alleen saam met die Here nie. Ons is 'n gemeenskap van gelowiges en ons is ook nog sondig van aard. Daarom gebeur dit dat ons teenoor mekaar sondes doen. En dit is daardie sonde wat ek teen iemand anders gedoen het wat ek teenoor hom moet gaan bely.

En as gelowiges bid ons dan saam om vergifnis by die Here sodat ons verhouding met mekaar en ons gesamentlike verhouding met die Here gesond kan wees en steeds groei.

As ons dan nou terugtree en die hele gedeelte in geheel weer beskou, dan bevestig die Heilige Gees dat die fokus van ons hele lewe na God gekeer moet wees en ons afhanklik van Hom moet lewe. So behoort elkeen van ons afsonderlik te lewe en so lewe ons saam met mekaar in gebed voor die Here.

Ons gebedslewe is nog nie op die standaard van die Here nie. Maar Hy het ons nie daaroor verwerp nie. Hy het ons juis geleer en vanaand aangespoor om daarin te groei.

Amen!

Gebed

Slotpsalm 103:1, 9 (p. 504)

- 1 Loof, o my siel, en alles wat in my is, / loof, loof die HEER in wie 'k van harte bly is!
Verhef sy heil'ge Naam met lof en prys! / Laat hoor, my siel, die stem van dankgebede,
vergeet nooit een van sy weldadighede, / vergeet Hom nie wat jou sy guns bewys.
- 9 Maar Gods genade en goedheid is onendig / oor almal wat Hom vrees, sy trou bestendig;
dit reik tot aan die verste nageslag / wat sy verbond nie troueloos wil skend nie,
of van sy wet hul hart afkerig wend nie, / maar sy bevel gehoorsaam wil betrag.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
11 Augustus 2013